HOOFSTUK 9

# Versoenings

## Om in staat te wees om hierdie hoofstuk te voltooi, moet jy alreeds die volgende kan doen:

- ✔ DEBITEURE- en KREDITEUREKONTROLE rekeninge in die Algemene Grootboek voltooi; na die debiteure en krediteure rekening in die hulpgrootboek kan oorboek en die Debiteurelys en Krediteurelys opstel
- ✔ Krediteurstate ontvang vanaf krediteure met die rekeninge in die Krediteuregrootboek rekonsilieer en die Krediteureversoeningstaat opstel
- ✔ die Bankstate met die kontantjoernale rekonsilieer en die Bankversoeningstaat opstel
- ✔ interne beheer en etiek rakende debiteure, krediteure en kontantjoernale toepas.

## Hierdie hoofstuk bespreek

**Versoenings**

Ontleding en vertolking van bank-, debiteure en krediteureversoenings:
- die krediteurestate en die individuele rekeninge rekonsilieer.
- die Debiteurelyste en Krediteurelyste met die kontrolerekeninge rekonsilieer.
- die Debiteure se ouderdomsontleding ontleed en vertolk.
- die Bankstate en Bankversoenings ontleed en vertolk.

Integrasie van etiek met betrekking tot:
- kontant
- debiteurebetalingsperiodes
- krediteurebetalingsperiodes
- rente
- kredietevaluering
- bedrog

Integrasie van interne oudit en interne beheer met betrekking tot kontant, debiteure en krediteure

## Na voltooiing van hierdie hoofstuk moet jy in staat wees om:

- ✔ die Bankversoeningstaat en krediteurestaat te ontleed en te vertolk
- ✔ Debiteure se ouderdomsontleding te ontleed en te vertolk
- ✔ Debiteure- en krediteurelyste met die DEBITEURE- en KREDITEUREKONTROLE rekeninge onderskeidelik te rekonsilieer, interne oudit, interne beheer en etiek toe te pas.

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.